

# 16

## LIG MOET SKYN

### Ek is 'n lig

#### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders en ouers moet weet dat hulle goeie werke uit dankbaarheid moet doen.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- dat Paulus 'n wrede vervolger van die Here se kinders was.
- dat God Paulus se lewe verander het en dat Paulus toe vir God begin werk het.
- die Here verwag dat sy kinders uit dankbaarheid goeie werke sal doen.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet graag goeie werke wil doen om God te prys.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees –

- om goeie werke op te noem wat hulle uit liefde vir God gaan doen.
- om fisies iets goed vir die Here te gaan doen.

#### **MEER INLIGTING (Handelinge 8: 1-3 en 9: 1-31)**

Ons lees in die Nuwe Testament van Paulus. Kom ek vertel julle meer van hom. Paulus se naam was eers Saulus. Hy was 'n wrede vervolger van die Here se kinders. Hy was soos 'n kers wat nie aangesteek is nie. Sy lewe was donker. Hy het Jesus se kinders gevang en hulle in die tronk gegooi.

Op 'n dag het Paulus na 'n stad met die naam Damaskus gegaan. Hy was op pad om Jesus se kinders wat in Damaskus gebly het, te gaan vang. Toe Paulus naby Damaskus kom, het daar 'n helder lig vanuit die hemel op hom geskyn. Paulus het so groot geskrik dat hy op sy knieë neergeval het. Die Here het met Paulus gepraat en hom gevra hoekom hy die mense wat in Jesus glo, vervolg. Paulus het nie geweet wie dit is wat met hom praat nie. Die Here het vir Paulus op sy naam geken, al was hy besig met verkeerde dinge. Hy wou gehad het dat Paulus ook sy kind moes wees. God het vir Paulus gevra om na die stad te gaan. Daar sou die Here vir hom wys wat om te doen. Toe Paulus opstaan, kon hy niks sien nie. Hy was heeltemal blind. Die mense wat by hom was, het sy hand gevat en saam met hom Damaskus toe gestap.

God het vir Ananias gevra om na Paulus te gaan. Paulus was vir drie dae blind. Ananias moes vir Paulus sê dat God hom gekies het om vir Hom te werk. Paulus moes vir mense van Jesus gaan vertel. Hy was soos 'n kers wat vir God aangesteek is. Hy het sy lig laat skyn.

Paulus kon nie stilbly oor die wonderlike boodskap van Jesus nie. Hy het oral gegaan en vir almal van Jesus vertel. Partykeer het hy swaar gekry, en mense wou nie altyd na hom luister nie. Maar hy het nie stilgebly oor Jesus nie.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Vier kerse.
- Vuurhoutjies.
- Karton van 'n donker kleur, geknip in klein vierkante.
- Bleikmiddel.
- Oorstokkies.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed en heet die ouers welkom.

## **HET HULLE ONTHOU?**

- Kontroleer of hulle met hul ouers gepraat het oor iemand by die skool wat hulle weet nie kerk en kategese toe kom nie.
- Vind uit watter planne hulle gemaak het om hom of haar in die kerk en kategese te kry.
- Laat 'n paar kinders lees hoe hulle Lukas 15: 7a in hul boeke voltooi het: *Ek sê vir julle: Net so sal ..... (daar ook in die hemel blydschap wees oor een sondaar wat hom bekeer.)*
- Laat hulle die volgende vrae beantwoord om te kontroleer of hulle die feite ken:
  - Wie is die Herder van mense wat in die Here glo? (*Die Here.*)
  - Wat doen die Here met mense wat afgedwaal het en berou het? (*Hy vergewe hulle.*)
- Voltooi hierdie sinne:
  - *Wees saam met my ..... (bly), want ek het my skaap wat weg was, weer gekry.* (Lukas 15: 6b)
  - *Alle mense is vir God ewe ..... (belangrik).*
- Laat hulle wys wat hulle geteken het.

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Vandag gaan ons leer van iemand wie se lewe deur God verander is. Dit is nie die belangrikste vir vandag se les nie. Die belangrikste is dat hierdie man uit dankbaarheid vir God se liefde, begin het om sy lig vir God te laat skyn. Weet julle wat dit beteken om jou lig vir God te laat skyn? Dit beteken dat jy alle mense wat in die donker lewe omdat hulle die Here nie ken nie, weer na die lig toe bring. Wie van julle het al van Paulus gehoor?

### IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel wat alles met Paulus gebeur het.

### IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in:

- Paulus was 'n wrede vervolger van die mense wat in Jesus geglo het.
- Hy het gelowiges gevang en hulle in die tronk gegooi.
- Paulus was soos 'n kers wat nie aangesteek is nie.
- Op 'n dag het hy Damaskus toe gegaan om gelowiges te gaan vang.
- 'n Helder lig vanuit die hemel het op hom geskyn.
- Die Here het vir Paulus gevra hoekom hy die mense wat in Jesus glo, vervolg.
- Toe Paulus opstaan, was hy heeltemal blind.
- Die mense wat by hom was, het saam met hom Damaskus toe gestap.
- Paulus was vir drie dae blind.
- God het Ananias gestuur om vir Paulus te gaan sê om vir Hom te werk.
- Paulus moes die mense van Jesus gaan vertel.
- Hy was soos 'n kers wat vir God aangesteek is – Hy het sy lig laat skyn.
- Partykeer het hy swaar gekry en die mense wou nie altyd na hom luister nie.
- Hy het nie stilgebly oor Jesus nie.

### IETS OM TE DOEN

- Vertel hierdie dramatiese verhaal oor kerse:

Ons is mos in ons land al gewoond aan kragonderbrekings. Die weer slaan die krag uit of daar is die een of ander probleem by Eskom. Dan moet 'n mens ander lig maak. Kerse is een van die maniere om weer lig in die donker huis te bring. Ek gaan vir julle 'n storie oor kerse lees.

Eendag was daar 'n kragonderbreking. Tannie Sarie stap toe so voel-voel in die donker na die gangkas toe om 'n kers uit te haal. Sy haal 'n kers uit die pakkie. Terwyl sy met die kers in haar hand staan, hoor sy 'n stem: *Hallo Sarie. Waarheen vat jy my?*

*Wie het nou net gepraat?* wil tannie Sarie senuweeagtig weet. *Ék het gepraat, sê die kers.*

*Wie is ék?* vra tannie Sarie.

*Ek is die kers in jou hand, sê die kers. Moet my nie uit hierdie snoesige kas haal nie.*

*Wat? vra tannie Sarie verbaas. Is jy doof, of wat? Ek sê los my in die kas! sê die kers kwaai.*

*Wat bedoel jy, ek moet jou nie uit die kas haal nie? Jy is 'n kers! Dit is jou taak om lig te gee. Jy weet net so goed soos ek dis nou pikdonker. Ek het jou nodig, sê tannie Sarie.*

*Jy kan my nie uithaal nie, ek is nie gereed nie, dring die kers aan, ek het nog tyd vir voorbereiding nodig, asseblief!*

*Ek kan my ore nie glo nie! Nog voorbereiding? Waarvoor? vra tannie Sarie.*

*Ja, jy kan nie glo wat alles nodig is om 'n kers te kan wees nie. Ek wil nie 'n klomp foute gaan maak nie, sê die kers.*

*Wel, jy is nie die enigste kers nie, daar is nóg kerse in die kas! sê tannie Sarie vermakerig.*

*Toe kom daar 'n koor van kersstemme uit die kas: Ons gaan ook nie uit die kas kom nie!*

*Tannie Sarie raak toe al mooi keelvol en sê: Julle is kerse en dit is julle werk om donker plekke te verlig. Die een sê toe daar uit die kas: Ek kan nie nou nie, ek sit nog en nadink oor die belangrikheid van lig.*

*En wat van julle twee? wil tannie Sarie weet. Ek is besig om myself in orde te kry, alles in my is deurmekaar op die oomblik. Moet ek jou vertel? vra die kers. 'n Deurmekaar kers? Nou het ek alles gehoor! sê tannie Sarie.*

*Die laaste kers fluister in 'n meisiestem: Ek wil graag help, maar om lig te gee, is nie my gawe nie, ek is 'n sanger. Ek sing vir die ander kerse om hulle te bemoedig sodat hulle helderder kan skyn! Toe begin sy sing: This little light of mine, I'm gonna let it shine... Die ander drie sing lustig saam.*

*Dikmond los tannie Sarie die kerse net daar en voel-voel in die donker haar pad na haar man toe. Waar is die kerse? wil hy weet. Jy sal dit nie glo nie. Dis belaglik, maar daar is vier perfekte kerse in ons kas wat vir mekaar sing van lig, maar wat weier om lig te gee! sê tannie Sarie smookwaad.*

*Julle sal nie haar man se antwoord glo nie: Ag nee, haal daardie vier kerse al weer hulle lui-streke uit? Tannie Sarie gooi toe sommer alvier die nuttelose kerse in die asbik. Hulle is niks werd nie! sê sy baie boos. En ewe skielik het die krag weer aangegaan.*

- Vra die volgende vrae:
  - Wat was hierdie vier kerse se eintlike werk? (Hulle moes lig in die donker gee.)
  - Het hierdie kerse gedoen wat hulle behoort te doen? (Nee.)
  - Wat is ons werk in die wêreld? (Ons moet ook lig in die donker bring. Dit beteken, waar mense se lewens donker is omdat hulle bang en bekommerd is, omdat hulle nie die Here ken nie, moet ons lig bring in hul donker lewens. Ons moet soos kerse wees wat aangesteek is.)

- Wat moet ons doen om ons lig te laat skyn? (*Ons moet ander mense van die Here vertel. Ons moet deur die goeie dinge wat ons doen, wys dat ons Jesus se kinders is.*)
- Gee vir elke kind 'n gekleurde karton en 'n oorstokkie.
- Laat hul ouers hulle help om die oorstokkie versigtig in die bleikmiddel te druk en daarmee hul name op die karton te skryf. Maak seker dat hulle weet die bleikmiddel mag nie naby hul klere kom nie – dit sal onherstelbaar beskadig.
- Verduidelik wat gebeur. Die bleikmiddel neem die kleur uit die karton oral waar dit aan die papier raak. Die donker raak weg en dit word lig. Soos die vloeistof, neem Jesus alle donker uit ons lewe uit. Jy moet nou ook jou lig vir Hom laat skyn.

## BY DIE HUIS

### Doen en leer

- Hulle moet die regte woord onderstreep en dit gaan leer:
  - Ons het vandag geleer van 'n man met die naam **Paulus/Petrus**.
  - Hy was op pad na **Damaskus/Betlehem**.
  - Sy lig was **dood/aangesteek** voor God aan hom verskyn het.
  - Sy lewe was eers vol **donkerte/lich**.
  - God verander Paulus se lewe. Sy lewe was nie meer **lig/donker** nie.
  - Paulus doen uit dankbaarheid **goeie/slegte** werke en vertel vir die mense van Jesus.
- Laat hulle 'n paar dinge gaan neerskryf wat hulle gaan doen sodat die mense hul liefde vir die Here kan sien.
- Laat hulle gaan doen wat hulle geskryf het en volgende keer daarvan kom vertel.
- Laat hulle volgende keer foto's van hulself as babas saambring. Hulle moet hul name agterop skryf.

## AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 541: 1 te sing, of gebruik dit as gebed.

*Ons bring aan U, Heer Jesus, ons lof en dank en eer.  
 Ons wil U met ons lewe, terwyl ons jonk is, eer.  
 Beheer ons hart en lewe, o Here deur u Gees.  
 Laat al ons doen en late vir U 'n vreugde wees. Amen.*